# VOETSPORE

## SUIDER-PAARL GEMEENTE KWARTAALLIKSE NUUSBRIEF

Suider-Paarl Gemeente: Op die spore van Jesus

Suider-Paarl Gemeente beleef 'n baie opwindende tyd waarvan ons lidmate kan getuig. Ons beleef dat dit lekker is om deel van die gemeente te wees, en 'kerk' maak mense se harte warm - van jonk tot oud. Ons jaartema, 'Volg My', help ons om tussen 'n klomp stemme en gedagtes doelgerig te fokus op dit waarheen die Here ons roep. So hierdie is 'n tyd wat ons mekaar wil help om God se unieke roeping vir ons gemeente, maar ook vir elke lidmaat te ontdek, en vir mekaar te help om dit voluit uit te leef.

Ons hart is om elkeen te laat ervaar hier is 'n geleentheid om te leer, te sorg en versorg te word, gasvry en vrygewig te wees, en om Christus voluit uit te leef. Ons hart is "groot", want ons wil mense van verskillende spiritualiteite en geloofsbelewenisse laat tuisvoel. Natuurlik het ons daarom nodig dat mense wat ervaar die Here roep hulle, na vore sal kom en dit uitleef! Ons wil mense wat iets op hulle harte het, se hande sterk maak.

'n Paar dinge wat ons baie opgewonde maak:

- Ons beleef ongekende groei! Daar is Sondae wat daar tot 7 gesinne kom inskryf, terwyl daar heelwat besoekers is wat nog so bietjie rond-"shop". Terwyl ons nie wil kompeteer met enige gemeente nie, is ons dankbaar dat mense deel van ons wil wees. Dit is 'n bevestiging dat ons met die regte dinge besig is.
- Dit is die Here se kerk, en Hy voeg mense toe en gee ons guns by mense. By ons onlangse verwelkoming van nuwe lidmate was meer as 100 mense saam wat die afgelope tyd aangesluit het! Wat 'n voorreg!
- Nuwe leraarspaar: Ferreira en Carla Marais, met hulle kinders, het die afgelope tyd by ons aangesluit, en hulle pas baie mooi by ons gemeente in. Ons kan met eerlikheid sê ons glo dat die Here hulle met sy hand uitgesoek het!
- Kinder- en jeugbediening: In Benita en Vicus het ons twee baie toegewyde mense wat dit regkry om ons jonger generasies deel van Christus se plan in Suider-Paarl te maak. Gesinne wil deel van ons wees omdat hulle kinders hier bedien word!
- Gasvryheid en vrygewigheid: Die Here het vir Abraham beloof om hom te seën om tot seën van ander te wees. Ons ervaar mense is gasvry en vrygewig om ander te seën daar waar behoeftes is. Ons is nie 'n "ryk" gemeente met enige beleggings nie, maar die Here voorsien altyd deur lidmate wat wil help met kundigheid en finansiële- of ander ondersteuning. Ons het die potensiaal om soveel meer te doen vir die Koninkryk. Om hierdie rede is elkeen se dankoffer en gawes nodig - dit is God se manier om 'n gemeente te bemagtig om dinge te laat gebeur.

Vat asseblief hande met 'n paar drome wat in ons leef:

- Versorging: Met die ongekende uitbreiding in die Paarl-omgewing moet ons seker maak ons versorg en bedien elke lidmaat, en ons is heeltyd in voeling met die Vader se plan vir ons gemeente. Ons droom oor 'n sterk kleingroep/selgroep bediening.
- Na-buite gerigtheid: Die kerk van Christus bestaan vir haar nie-lede. Ons gemeente is na buite gerig, so ons wil ook ons finansies en ons hulpbronne so aanwend. Ons droom om ons gemeentelede in Klapmuts te bemagtig om daar 'n groter verskil te maak.
- Bedieningsruimtes: Ons kort kreatiewe ruimtes vir ons kinderbediening en basaar, stoorruimte, 'n kaggel/binnebraai in die Granaat, meer kuierplek vir groot funksies soos die basaar ens. Dink en bid asb saam met ons.

Ons ervaar dat die gemeente ons as leraars, gemeenteraad en personeel vertrou. En dit maak dit vir ons 'n vreugde en voorreg om die gemeente te bedien.

Soli Deo Gloria



# Volg My

*"As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer." Johannes 12:26*

Geloof is nie vir ons net nog 'n weeklikse aktiwiteit om af te handel nie. Ons geloof bepaal ons hele lewe. Dit wat ons bely, bepaal die manier wat ons praat, leef en optree. Dit is wat so kragtig is, as Jesus eenvoudig sê **"Volg My"**. Dit is 'n uitnodiging wat soveel groter is as wat ons kan dink. Jesus, die Skepper van die heelal, wat mens geword het, staan voor ons en nooi ons om te doen wat Hy doen, om te sien wat Hy sien, om te loop waar Hy loop en ja, ook te ly soos Hy gely het. Ons word genooi om in die skaduwee van die Almagtige God te beweeg.

**Wat 'n voorreg!**

V**OLG MY** is ons jaartema en ons hoop dat elke lidmaat al iets beleef het van hierdie uitnodiging. Ons wil meer wees as net 'n Sondag-kerk. Ons wil meer as net 'n "kaartjie-hemel-toe" geloof hê. Ons wil deel wees van God se beweging van "anders" wees. Anders as die wêreld, al bevind ons onsself in die wêreld. 'n Geloof wat ander inspireer, 'n geloof wat nie net my eie lewe beïnvloed nie, maar ook die mense rondom my se lewens diep aanraak. Ons wil 'n gemeenskap wees wat die Here se lof uit volle bors besing met ons monde en ook 'n wesenlike verskil maak waar ons ookal is met ons hande. Dit is die wonder van hierdie uitnodiging.

Om Jesus te volg, vra iets van ons. Dit impliseer aksie of beweging. Ons kan nie net stilstaan terwyl ons bely dat ons Jesus volg nie, ons moet beweeg. Hierdie uitnodiging daag elkeen van ons, as individue, maar ook as lede van die gemeenskap uit, om 'n geloof te leef wat oorgaan in aksie. Kleingroepe word uitgedaag om ook uit te reik na ander toe, jongmense word uitgedaag om anders te wees as die norm, oumense word uitgedaag om voorlopers te wees in die geloof en nuwe maniere uit te dink om God se boodskap oor te dra aan die jonger generasies.

**Wat 'n voorreg!**

Ons het die eerste kwartaal gefokus op die Vader. Die liefdevolle, kreatiewe, skeppende Vader. In die kwartaal wat kom, gaan ons fokus op die Seun en die Heilige Gees. Mag God jou op 'n avontuur neem hierdie kwartaal. 'n Avontuur van geloof en vertroue in goeie en slegte tye. Saam as Gemeente bely ons dat ons Hom volg. Ons wil beweeg waar Hy beweeg, werk waar Hy reeds werk en leef soos Hy leef.

Mag God hierdie kwartaal in jou nuwe lewe en passie opwek om Hom te volg.



# ONS KERKTERREIN

Ons Kerkgebou en terrein is voorwaar 'n sierraad en 'n groot aanwins vir die Courtrai buurt. Dit is altyd so netjies en skoon dat ons deur die spreekwoordelike ring getrek kan word. Ons kry dikwels komplimente oor ons pragtige tuin.

Die tuine is al jare gelede begin en gevestig deur Nico Retief (ons vorige koster) en sy vrou, Susan.

Tans word dit onderhou onder toesig van ons Fasiliteitsbestuurder, André Potgieter, en ons tuinman, André Muller, wat drie dae per week hier werk.

Op een Saterdag in die maand kom André Muller en twee ander werkers om die onkruid te verwyder, te snoei en mooi te maak.

By die Kerkgebou self word daar gereeld onderhoud gedoen en nuwe projekte aangepak. Dit sluit verfwerk en opgradering van die geboue in.

Ons het, danksy 'n skenking van een van ons jare-lange getroue lidmate, in Januarie die voorste parkeerterrein nuut geplavei. Die ou teerblad is hiervoor verwyder.

Ons het ook so die waterdigting van ons plat dakke bo die kantore en die Granaat oorgedoen, net betyds vir die winter-reënval!

Ons Eiendomskommissie kom gereeld bymekaar om ou - en nuwe projekte te bestuur en ook die nodige befondsing daarvoor te bekom.
















Projekte wat op die oomblik bespreek word, en in die vooruitsig is:

- Uitbreiding van ons "Inverter" kragnetwerk;
- Nuwe ligte vir die beligting buite-om die Kerk;
- Bou van 'n ingeboude onderdak braai ('n groot behoefte met reën dae);
- Die aanbring van 'n oprit vir gestremde mense agter by die kombuis/Granaat;
- Die teël van ons agterste sementstoep tussen die saal en Kerk. (Hier is gereeld, veral in die wintermaande, plasse water wat gevaarlik kan wees vir gly en val).

Enige bydraes en/of skenkings vir hierdie projekte sal verwelkom word.





# KLAPMUTS

Ons is dankbaar vir die gemeenskap in Klapmuts wat deel is van ons gemeente en by wie ons soveel kan leer. Die jaar het begin met propvol eredienste – alhoewel die kerkie net vir 100 mense sitplek bied, was daar een Sondag 116 lidmate. Die kinders groei en verskaf vir ons goeie probleme in terme van spasie – die slegte nuus en die goeie nuus is dieselfde – 40 plus kinders elke Sondag waarvoor daar nie regtig plek is nie.

Ons sal kreatief moet dink en almal moet asb. saam met ons dink en bid vir 'n kreatiewe en bekostigbare oplossing. Ons is verder dankbaar dat Ferreira weekliks daar beskikbaar is vir pastorale gesprekke. Ons het die afgelope jaar moeite gedoen om strategies te dink om dinge so te struktureer dan ons soos een gemeente funksioneer.

Laasgenoemde beteken dat André, Theo en Ferreira saam daar betrokke is, en ons nuut-gevormde skakelbediening poog om beter skakeling en kommunikasie te bring tussen die twee bedieningspunte. Ellenore Jacobs is ons nuwe gemeenteraadslid. Ons is ook baie opgewonde oor die Klapmuts gemeentekamp op 14-16 Mei by Simonsberg Kampterrein by Kanonkop. Dis 'n wonderlike geleentheid vir ons gemeentelede om saam te wees en sal van die gemeentelede se eerste keer op 'n kamp wees. Baie dankie vir die spesifieke bydrae uit die Valentynsbal asook fondsinsamelings wat dit moontlik maak vir die meeste lidmate om dit te kan bekostig. Dit maak 'n massiewe verskil!







Ons het ook op 26 Maart 3 jongmense gehad wat belydenis van geloof afgelê het – welkom aan Jaden, Dauntey en Marcel! Bid saam met ons vir ons jeugbediening wat nuut moet begin – daar is soveel jongmense in Klapmuts wat bedien moet word.







# SOS@KLAPMUTS

Ons sopkombuis in Klapmuts is deel van die hart van ons bediening. Die perseel bied 'n veilige hawe aan talle mans en vroue. Daar word sop en bredies gemaak, wat aan die gemeenskap en kliniek bedien word. Enige ander kosskenkings word ook tussen die betrokkenes verdeel.









Besoeke deur Dr. Tania Schwabe en Dr. Carla Marais was die afgelope kwartaal 'n hoogtepunt. Allerlei gesondheidskwessies word bespreek en kwelvrae word met liefde en geduld beantwoord.







By die handwerkgroepe is die lede leergierig en baie trots op hul skeppings. Hulle het ook items vir die gemeente-kuier gemaak. Daar word geskerts en gelag en op mekaar se skouers gehuil, indien nodig.



Gedurende die eerste kwartaal is daar verf aan Bergendal Laerskool geskenk, waarmee die rekenaarsentrum en personeelkamer geverf kon word. 100 leerlinge het ook splinternuwe skooltruie ontvang.



Ons sien uit na meer dien en bedien in die kwartaal wat voorlê.

# SUID-OOS ASIË UITREIK

## BEMAGTIG DIE PLAASLIKE KERK OM DIE MENSE VAN SUID-OOS ASIË MET DIE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS TE BEREIK

Een van die verse in die Bybel wat in die praktyk van die lewe al menige maal as waar bewys is, is 2 Kor 5:17. *"As iemand in Christus is, is hy (sy) 'n nuwe skepsel, die ou dinge is verby, alles het nuut geword."*




Tydens ons gemeente se onlangse uitreik na Suid-oos Asië, het ons vir Lu ontmoet (foto links). Lu, is Chinees, van ongeveer veertig jaar oud, woonagtig in Sibu, Oos-Maleisië. Hy is 'n suksesvolle besigheids-mens met sy eie besigheid waar hy voertuie herbou. Daar is drie uitstaande eienskappe van hom. Eerstens, hy kan nie lees of skryf nie. Tweedens, sy Engels is baie, baie swak. Die derde eienskap is egter die belangrike een, naamlik sy Christenskap. In sy moeilike jongmens-dae was hy baie betrokke by bendebedrywighede.

Op 'n stadium het hy egter 'n ontmoeting met Jesus gehad en radikaal tot bekering gekom. Sy lewe het dramaties verander. Die "ou dinge" was inderdaad verby, "alles het nuut geword". Ons uitreikspan was vir 'n paar dae in baie noue kontak saam terwyl ons "Longhouses" in die oerwoud besoek het. Ons durf sê dat Lu se Christenskap baie uniek is. Sonder om daarmee op sy mou te loop het hy 'n onuitwisbare indruk op ons gemaak. Gemaklik, spontaan, en aantreklik. Past Benny Ng, wat ons gasheer was en vir Lu goed ken, het vir ons baie goed ingelig oor Lu se daaglikse lewe as Christen. Daar word vertel dat hy altyd kaartjies met Bybelverse, in Chinees, in sy broeksak het. As hy 'n mede-Chinees op straat raakloop, gee hy vir die persoon so 'n kaartjie en vra hom dan om dit hardop te lees. As die persoon dit klaar gelees het, vra hy vir hom of hy dit verstaan. Indien die antwoord nee is, begin Lu om dit vir hom uit te lê. Só begin daar dan 'n geestelike gesprek. Alles wat ons gesien en gehoor het, het bevestig dat 2 Kor 5:17 absoluut waar is.



**Offers vir Hindoe-gode**



**Gebreide poppies**



**Kinders met hul poppies**

Hoewel Bali 'n deel is van Indonesië en Indonesië die land is met die meeste Moslems in die wêreld, is die Hindoe-geloof die meerderheid-godsdiens in Bali. Francois en Roelien Pretorius se bediening is in Bali. Op die foto (regs) kan 'n deel van hul aktiwiteite gesien word. Hier is 'n span jongmense besig met kinders wat op die munisipale afvalhope bly. Hulle word geleer om te lees en om te skryf sodat hulle in staatskole opgeneem kan word. Hulle word ook onderrig in Christenskap, higiëne en ander opvoedkundige programme. Hulle kom in die middae op 'n "geleende" skoolterrein bymekaar. Sang en gebed is deel van elke byeenkoms. Elke kind kry ook 'n "ietsie" om te eet. Ons kon ook vir elke kind 'n gebreide poppie gee. Ons het 'n paar honderd poppies (foto bo), wat hier in die Paarl gebrei is, saamgeneem. Dié is orals gretig ontvang.



(Vlnr: Nico Kriek, Francois Pretorius, Roelien Pretorius, Adine Baard en Schalk Coetzee)



Soos ons seuntjies klim hulle s'n ook boom!



Swart vulkaniese-sand op een van die strande

**Bank Besonderhede: Rek naam: SEA/SOA HUB**
Bank: Standard Bank, Tak : Nasionaal, Takkode: 051001, Rek. Nr.: 243435649
Bewys van betaling kan gerus gestuur word aan nicokriek@gmail.com

Gebed: Bid asseblief vir Francois en Roelien, asook vir die span wat saam met hulle werk. Bid in besonder ook vir die kinders met wie hulle werk. Hulle "huislike" omstandighede is baie moeilik. Dankie vir jou gebede en vir donasies ontvang.

**Nico Kriek**
**Voorsitter: SOA HUB**

# NUWE LIDMAAT FUNKSIE

Ons eerste Nuwe Lidmaat Funksie vir 2023 het afgeskop op 29 Maart 2023. Dit was, soos elke liewe kuiergeleentheid by ons gemeente, een groot fees!
Die geleentheid is bygewoon deur meer as 100 gaste. Van ons kleinste babatjie tot ons op-en-wakker seniors het elke oomblik geniet. Nie eers beurtkrag kon die geesdrif demp nie!
Die verskillende bedieninge is bekendgestel, ván die personeel het 'n paar woorde gespreek en daarna het ons heerlik gesmul aan die kos, en gekuier tot laat.
Die volgende funksie is op 27 September 2023.
Mag elke liewe intrekker tuis voel in ons gemeente. Mag elkeen net geseënd wees. Mag elkeen die liefde van Jesus hier ervaar. Mag julle Jesus volg waar Hy lei!

# SP KUIERMARK#BASAAR










Ons het op 3 Maart 2023 ons Suider-Paarl Gemeente **Kuiermark#Basaar** gehou en dit was 'n BAIE GROOT SUKSES! Mense van alle ouderdomme en heenkome het die dag saam met ons kom geniet. Ons het vele hande gehad wat ons gehelp het met die kosmaak, opmaak, mooimaak en verkope. Ons is elkeen innig dankbaar vir al die tyd, moeite en hulp wat hulle gebied het en ook vir almal wat die funksie bygewoon en ondersteun het!
Met groot dankbaarheid en EER AAN ONS HEMELSE VADER, is ons voorlopige netto bedrag vir die basaar R150 000!

**BAIE, BAIE DANKIE!**

# JEUG - SPKIDZ

2023 het afgeskop met 'n "georganiseerde" chaotiese warboel van opwinding en energie by SPKidz. Ewe skielik is daar weer lewe na die doodse stilte……Maats "high-five" en groet mekaar na 'n heerlike vakansie, die Graad 1'tjies soek hulle nuwe klassies en ouers wil-wil nog vir oulaas klou, maar nee…..Hier gaan ons!




Ons Tema vir die Jaar: **"Volg in Jesus se Voetspore"**. Jesus leer ons dat ons net kan volg of iemand ons laat volg indien ons met twee bene loop van Nederigheid en Gehoorsaamheid.

## Kinders van alle ouderdomme volg Jesus op hul eie ritme

Ons het die Graad 1's en hul ouers verwelkom met 'n heerlike familiebraai by die kerk, kom reën of sonskyn. Hierdie awesome spannetjie gaan vir SES jaar saam 'n pad stap, en dit is binne 'n oogwink verby



**Pret in die klasse**










Die gr 3's weet ballonne is pret, maar 'n stukkende ballon bring hartseer. Josua en die volk belowe om die Here te dien, soos 'n mooi opgeblaasde ballon. Kyk hoe kleurvol en mooi wil die gr3's hulle hartjie hou.





**Jerigo se mure val.**

Ons lees uit Jos. 6, Die Here doen magtige dade.

Die kinders was baie opgewonde om vandag se les te hoor. Verlede week het hulle gehoor van Ragab se huisie en haar familie wat gered word en hulle wil net weet wat en hoe die storie verder verloop!
Is dit regtig waar tannie?!? Is dit 'n trick? Kan mens vandag nog haar huisie daar sien staan tussen die klippe? Is die tou ook nog daar?

Dit is skattig as die kinders so deelneem, die evangelie en wonderwerke saam met ons kan beleef.

Die Israelitiese volk het nou uiteindelik die Jordaanrivier oorgesteek om die beloofde land in te gaan. Jerigo was een van die oudste en sterkste stede van daardie tyd, met groot dik mure!

Die Here het leiding geneem en vir Joshua beveel wat om te doen, hy moes presies doen wat die Here vir hom sê. Joshua het die Here se plan aan die priesters en manskappe verduidelik, en hulle het DADELIK gereageer. Jerigo se mure het so geval en alles was verwoes. Ragab en haar familie was gespaar, soos belowe. Interessant, die see het ook hierna weer oopgegaan sodat die Israeliete kon deurgaan en 'n altaar bou.

As ons terugdink aan hierdie wonderwerk, wys dit dat ons moet doen wat die Here vir ons sê en so laat dit ons verwonderd staan oor Sy ongelooflike mag en krag. Die Here moet leiding neem in jou lewe, gaan EERSTE na Hom wanneer jy hulp en antwoorde soek. Onthou, in die slegste omstandighede (soos oorlog, onrus, vloede, natuurrampe) werk die Here steeds as Redder. Vertrou op die Here, die Here weet wanneer die regte tyd is vir Sy plan om te laat werk. Bid vir daardie groot en sterk muur wat voor jou staan, dat die Here jou daardeur sal help en laat omval.








Hiermee 'n voorbeeld van die skrywe wat uitgaan na ouers om die opsomming van die dag se les te verduidelik.



Die Graad 6'e het die eerste kwartaal afgesluit met 'n uitstappie na Salem Bybel Tuin. Daar wandel ons deur die Bybel vanaf die begin, met uitbeeldings en vertellings uit die boek Genesis en eindig met die verwagte wederkoms van die Messias. 'n Wonderlike ervaring!!






Kwartaal twee hou lessies propvol prikkel, pret en plesier. Ons sien uit na die KinderPinkster en hoop om elkeen daar te sien. Volg hierdie kwartaal in die voetspore van Jesus met bene van Nederigheid en Gehoorsaamheid!

# COLLIDE/TIENERS

COLLIDE : Die spasie waar ons alledaagse lewe met dit wat ons glo Jesus van ons verwag in die wêreld, bots.

Die jaar 2023 het met 'n groot gejuig op 22 Januarie 2023 afgeskop en die atmosfeer was Elektries! Jongmense hou net nie op instroom nie! Ons is super dankbaar vir die groeiende aantal COLLIDE tieners by Suider-Paarl Gemeente. Dit getuig van jongmense wat uitgaan, vertel en nooi!

Hoogtepunte van ons eerste kwartaal is verseker die lekker somer-aand kuiers by die kerk. Tema's soos “Koinonia”, “Hoe om te volg”, “Hoe om te vertel”, en natuurlik, met ons oploop na lydenstyd, waar ons so ‘n bietjie dieper gedelf het in Jesus se storie in en deur ons.

Elke kwartaal probeer ons so bietjie die natuurskoon geniet en ons het weer 'n heerlike bergstap gehad tydens ‘n oggenddiens en gebid vir ons dorp!

50 van ons COLLIDE jongmense het ook die lang pad na Bredasdorp trotseer om #IMAGINE 2023 by te woon vir die naweek - daar was gesing, gebid en ge“bond” soos net ons kan!

Ons is opgewonde oor ons Tiener "Worship Band", wat begin ontwikkel het, en die verantwoordelikheid wat die tieners hiermee neem.

Die eerste Kwartaal was vir almal ‘n 200 km-per-uur-tog en ons is opgewonde om te kan sê dat COLLIDE steeds van krag tot krag groei!

Wees gereed as een van ons tieners met jou in aanraking kom, jy mag dalk net by die kerk op-eindig...






Tiener:
"Ek voel dikwels ek pas nie in nie, COLLIDE by Suider-Paarl laat my voel ek behoort.”

Tiener:
"Tiener Kerk by Suider Paarl is die hoogtepunt van my week"

Leier:
“Tyd waar ons saam kan “journey” en Jesus beter leer ken!”

Leier:
“Ek leer van Jesus terwyl ek jong mense van Jesus leer.”

Dankie aan ons Leiers wat almal betrokke is! Julle maak dit ’n Fees!



# DRAKENSTEL

Drakenstel Community Development Company NPC is Suider-Paarl Gemeente se Artikel 18A(1) maatskappy wat gebruik word om terug te gee aan die gemeenskap, deur projekte te ondersteun vir instansies in nood, bv. Rusoord, Sop-kombuise, ens. 'n Belasting kwitansie kan uitgereik word vir donasies wat aan hierdie maatskappy geskenk word. Die volgende bankbesonderhede kan gebruik word indien daar enige donasies geskenk word:

ABSA TJEK REKENING: 4062468161

Stuur asb. bewys na admin@suiderpaarl.co.za







Die eerste projek wat Suider-Paarl befonds het (wat R40 000 gekos het), is 'n kamer/woonstelletjie in Rusoord wat gerestoreer en opgeknap is. Die kamer word dan uitverhuur aan 'n bejaarde, om nog fondse in te samel vir Rusoord.

Ons beplan om nog verder hulp, betrokkenheid en fondse te verleen aan Rusoord om die "Alzheimer's"-kamers ook te restoreer.

Indien jy betrokke wil raak by enige van hierdie projekte, kan jy gerus vir Madeleine by die kerkkantoor skakel.









# SP KERKRAAD SÊ

Ons kerkraadslede is baie opgewonde en het baie dankbaarheid oor die beweging in ons gemeente.

Ons is baie dankbaar vir
1. die manier wat hierdie jaar afgeskop het
2. die nuwe energie binne ons gemeente
3. Ferreira wat by ons aangesluit het

Dit is 'n groot seën om predikante te hê wat voorvat en aktief besig is om lidmate toe te rus vir die uitbouing van die Here se werk.

Ons is ook dankbaar vir die Suider-Paarl personeel en die geweldige groot werk wat hulle elkeen doen om ons gemeente te bedien en ook geleenthede te skep vir ons lidmate om hulle gawes te kan uitleef. Dit sorg dat elkeen 'n verhouding met die Here kan hê, Hom aktief kan dien en 'n verskil in ander se lewens te kan maak.

Ons beleef en is dankbaar dat die Here saam met ons 'n pad stap en ons inkomste-basis vergroot.

Ons het 'n visie om 80% van ons inkomste te kan bestee na buite en 20% na binne. Die geld wat ons na buite spandeer wil ons nie doen deur te sny op die dinge wat ons binne ons gemeente doen nie, maar deur die inkomste-basis nog meer te vergroot. Dus het ons dan meer geld om uit te gee.

Ons groot droom is dat elke lidmaat dieselfde visie beleef en ons gemeente en mekaar help om dit uit te leef!

Ons sien uit na die hoogtes wat Suider-Paarl Gemeente nog gaan bereik en moedig elke lidmaat aan om enige tyd met ons te kom gesels oor hul drome en idees.

